

22

GEWELD

Só word ek blootgestel!

PRAKTYKLES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet deur praktiese visuele ervarings sien aan hoeveel geweld hulle daaglik blootgestel word.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet dat geweld op verskillende maniere en in verskillende vorme deur ons oë en ore na ons gedagtes sluip.

Gesindheid

Die kinders moet dankbaar wees dat God hulle oë en ore wil gebruik om 'n positiewe verskil in hulle lewens te maak.

Vaardigheid

Die kinders moet in staat wees om die verskillende maniere waardeur geweld in ons gedagtes kom woning maak, af te weer.

KOM ONS BEGIN

Open met gebed.

AANBIEDING

JY HET NODIG

- Die Bybel.
- Die volgende hulpmiddels en 'n geskikte lokaal:
 - Vir vandag se leerervaring moet 4 hoeke van 'n vertrek of die klaskamer, of afsonderlike plekke waar 4 verskillende visuele bronne geplaas kan word, ingerig word. Ons noem hierdie 4 bronne *lense*.

- Rus die punte toe en stel dit na gelang van die beskikbaarheid en toeganklikheid van media en toerusting.
- By **IETS INTERESSANT** is voorbeelde van die 4 *lense* asook 'n verduideliking van die leerdoelwit by elkeen.

MEER INLIGTING

Alle inligting is in die praktiese deel van die les ingebed.

HET HULLE ONTHOU?

Doen

- Laat 'n paar kinders die getuigskrif wat hulle by die vorige les geskryf het, aan die klas voorlees.
- Kontroleer of hulle Psalm 51: 1-7 in hulle eie woorde oorgeskryf het.

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

- Verduidelik hoe vandag se klassessie gaan werk.
- Deel nou die klas in 4 kleiner groepe in, of in die geval van 'n klein klasgroep, 2 kleingroepe. Laat die helfte van die groepe by twee van die *lense* aandoen, en die ander helfte by die ander twee. Laat hulle toe om ten minste 10 minute by elke *lens* te vertoef en die opdrag by elkeen uit te voer.

IETS INTERESSANT

Lens 1: Die koerant

Plaas 'n onlangse koerant op 'n tafel (verkieslik 'n bekende Afrikaanse koerant). Stel die volgende opdrag op papier by die lens beskikbaar:

Blaai saam met jou groep deur hierdie koerant en soek deeglik vir die volgende:

- Hoeveel berigte gaan oor geweld (enige soort geweld)?
- Hoeveel foto's vertoon iets gewelddadig?
- Maak 'n lys van die tipes geweld waarvan julle in die berigte lees.
- Hoe laat hierdie berigte julle voel?

Lens 2: 'n Film met PG13 (V)

Stel 'n TV of monitor op met 'n DVD met 'n ouderdomsperk van 13 vir Geweld (V). Laat die kinders 'n deel van die film kyk en die opdrag doen.

Stel die volgende opdrag op papier by die lens beskikbaar:

Nadat julle die snit gekyk het, skryf die volgende neer:

- Watter geweldbeelde kan julle uit die snit onthou?
- Hoe het hierdie beelde julle laat reageer (skrik of gril of hartseer, ensovoorts)?
- Sou julle hierdie snit vir 'n 3-jarige kind wys? Hoekom?
- Maak 'n lys van die tipes geweld wat julle uit die snit kan onthou.

Lens 3: 'n TV- of rekenaarspeletjie

Stel 'n rekenaar of 'n TV op met 'n speletjie waar die speler presteer namate hy veg of geweld pleeg of skiet of oorlogmaak.

Stel die volgende opdrag op papier by die lens beskikbaar:

Neem beurte, en speel elkeen in die groep hierdie speletjie. Beantwoord dan die vrae:

- Hoe het jy die speletjie beleef?
- Wat moes jy doen om punte te kry of na die volgende vlak te beweeg?
- Was dit iets gewelddadig?
- Het jy meer as een lewe in die speletjie? Hoeveel?
- Watter beelde in die speletjie het alles met geweld te doen?
- Is daar enigiets op die speletjie wat jou waarsku dat jy met geweld te doen gaan hê?

Lens 4: 'n WWF Rofstoei-tydskrif op die internet

Stel 'n rekenaar op wat in staat is om aan die internet te koppel, of laai 'n voorbeeld van 'n *WWF Magazine* van 'n webblad af na 'n soektog met Google of 'n ander soekenjin.

Stel die volgende opdrag op papier by die lens beskikbaar:

Kyk die tydskrif in die groep deur, en skryf die volgende neer:

- Hoe word geweld op die voorblad uitgedruk?
- Beskryf die gesigsuitdrukkings in die tydskrif.
- Kyk hoeveel opskrifte sê iets gewelddadig.
- Wat is die boodskap wat jy uit hierdie tydskrif aflei?

IETS BELANGRIK

Die kinders word nou begelei om terugvoer te gee oor hulle visuele ervarings aan die hand van die volgende:

- Stel 'n definisie saam vir *geweld* in julle eie woorde.
- Van watter ouderdom af dink julle word ons mense deur die media aan geweld blootgestel?
- Hoe pas hierdie ervaring wat julle gehad het by dit wat ons by God leer oor mense en verhoudings?
- Hoekom dink julle is geweld nie meer vir ons so *erg* nie (hoekom het ons reaksies op geweld al baie afgestomp geraak)?
- Hoe dink julle kan ons 'n verskil maak in die hoeveelheid geweld waaraan ons daaglik blootgestel word?

BY DIE HUIS

DOEN

- Laat hulle hulle ouers gaan vra om een keer per dag saam met hulle die televisienuus te kyk. Laat hulle 'n opname maak van alle berigte wat handel oor enige vorm van geweld. Hulle gebruik die volgende tabel:

Weeksdag	Besonderhede van geweld in die berigte
Maandag	
Dinsdag	
Woensdag	
Donderdag	
Vrydag	
Saterdag	

Laat hulle hierdie inligting saambring na volgende week se klas en die berigte kom vergelyk met dié van die res van die klas.

- Laat hulle Romeine 12: 9-12 en Romeine 13: 1-7 gaan lees.
- Laat hulle 'n gebed skryf (hulle moet hulle gedagtes vorm met dit wat hulle in die teksgedeeltes gelees het) waarin hulle die Here vra om hulle te help om in ons deurmekaar wêreld vol geweld met die regte gesindheid te leef.

AFSLUITING

Sluit af met 'n gebed, en vra die Here om die verskillende maniere waardeur geweld in ons gedagtes kom woning maak, af te weer.